

Leerskool van die liefde

Liefde is Vrygewigheid

2 Korintiërs 8: 1-3, 5 & 9-11

8 Maart 2020

Inleiding

1.

Gemeente, vriende.

Ons bely dat **God liefde** is en dat Sy liefde vir jou en my sigbaar word in die feit dat Hy Jesus Christus vir ons gegee het. In Jesus se lewe, sterwe en opstanding sien ons die **omvang van God se liefde** vir sondaar mense soos ons.

Die liefde is so groot, so anders, so vreemd, dat ons dit **nooit werklik sal kan klein kry, sal kan begryp nie.** Die grootsste wonderwerk wat die wêreld sekerlik al ooit gesien en beleef het, was en is die liefde van God.

Ek en jy het in die geloof deel daaraan.

Natuurlik kan die liefde **ons nie onverander laat nie.** Leef ons in God se liefde, maar ons toon dit nie, is ons besig om self om die bos te lei. Dan verstaan ons nie rêrig wat Jesus vir ons vermag het aan die kruis en deur Sy opstanding nie.

Eers wanneer **Jesus se liefde in ons vriendelikheid, geduld, vergifnis, sagmoedigheid en nederigheid** sigbaar word, **word die gebeure van die kruis en die oop graf 'n realiteit vir ons.**

In die reeks *Die kerk – die leerskool van die liefde* het ons dieper begin delf in die liefde en begin kyk na die verkillende gesigte van die liefde. Die uitnodiging is dat ons met die selfde hart as Jesus die liefde moet betoon. Soos Jesus onder verskillende omstandighede liefde betoon het, moet ons ook uit dankbaar met liefde leef.

Vandag kyk ons na nog een van die gesigte van die liefde. **Ons kyk 'n bietjie hoe ons vrygewig moet wees.** En moenie bekommer nie – om vrygewig te wees handel in die laaste plek oor die gee van geld.

Prediking: 2 Korintiërs 8: 1-3, 5 & 9-11

2.

Om ons iets oor die **hart van vrygewigheid** te verduidelik lees ons 'n paar verse uit Paulus se tweede brief aan die Korintiërs .

Paulus skryf hierdie brief vanuit Masedonië aan die gemeente in Korinte.

- Vroeër in brief het Paulus probeer om vrae oor sy apostelsskap te beantwoord en aan te spreek.
- Hy skryf die brief om sy eie geloofwaardigheid te bevestig,
- sy gesag as apostel te verdedig
- en veral die argumente van die valse leraars wat doenig was in die gemeente te weerlê.

Daarna probeer hy die gemeente in Korinte aan te **moedig om die voorbeeld van die gemeente in Masedonië te volg.**

- Die gemeente in Masedonië, wat ongelooflik arm was, het op daardie stadium die lidmate en gemeente wat in Jerusalem was met 'n hart van vrygewigheid bygestaan.
- Die arm gemeente, wat self nie baie het nie, het mede lidmate, 'n buurgemeente, bystaan met die bietjie wat hulle het.

Paulus wil vir die gemeente in Korinte, wat baie ryk was, op die voorbeeld van die ander gemeente wys. Nie om die gemeentes **met mekaar te vergelyk nie, of die gemeente in Korinte te manipuleer nie.** Nee, Paulus wil die gemeente in Korinte en haar lidmate wys hoe die vrygewige hart van 'n volgeling van Jesus behoort te lyk. Kom ons lees nou 2 Korintiërs 8: 1-3 en vers 5 wat iets van Paulus se gedagtes ten opsigte van vrygewigheid aan ons verduidelik.

3.

In hierdie paar verse verduidelik Paulus aan die gemeente in Korinte, maar ook aan ons, hoe hy vrygewigheid verstaan.

Hy begin deur te vertel van die vrygewigheid van die gemeente in Masedonië. Hulle omstandighede was swaar, maar tog het hulle baie blydschap gehad. Hulle was arm maar tegelykertyd was hulle ryk aan oorvloedige vrygewigheid.

Die Griekse woord wat Paulus daar gebruik is die woord *haplotes*. Die woord wil iets sê van die gemeente se **ingesteldheid**.

- Die gemeente het 'n lewe van **eenvoud geleef** en die gevolg daarvan was dat hulle nie net op hulle self en hulle eie voordeel gefokus het nie.
- Hulle het nie vasgeklou aan dit wat hulle ontvang het nie.
- Omdat hulle in eenvoud gelewe het **kon hulle met 'n opregte hart oorvloedig aan ander gee van wat hulle ontvang het**.

Die gemeente in Masedonië het miksien iets daarvan **begryp dat dit wat hulle ontvang het niks te make het met hulle eie verdienste of vermoë nie**. Nee, dit is eerder **genade gawes** uit die hand van die Here. Juis uit **dankbaarheid vir dit wat God uit Sy vrygewigheid** aan hulle gegee het, was hulle bereid om met ander lidmate en gemeentes te deel. Uit dankbaarheid en vanuit 'n gesindheid van eenvoud was hulle bereid om **hulle self aan God, maar ook aan ander te gee**.

4.

Nadat Paulus op die gemeente in **Masedonië** gefokus het draai hy nou sy aandag op die gemeente in **Korinte**. Ons lees van vers 9 tot en met vers 11.

Hier probeer Paulus sê: *Gemeente, julle blink uit in so baie gebiede. Julle het 'n sterk geloof en julle is nie bang met ander daaroor te praat nie. Julle het baie kennis van God en Sy wil. Julle is regtig toegewyd in julle geloof. Boonop blink julle ook uit in die liefde van Christus wat ek julle verkondig het. Dit is juis daarom dat ek julle wil oproep om die opregtheid van julle liefde te wys deur ook vrygewig te wees.*

Vrygewigheid, is volgens Paulus, die **toets van die opregtheid van hulle liefde**.

Paulus probeer dus die gemeente oproep tot vrygewigheid.

Hy hou egter nie net **die voorbeeld van die gemeente in Masedonië vir hulle voor nie**. Hy staaf sy argument selfs verder.

Het julle opgemerk hoe Paulus dit doen?

- Paulus nooi die Korinte uit om met vrygewigheid te leef op grond van die ongelooflike vrygewigheid van God wat Hy aan hulle betoon het.
- God was aan hulle vrygewig deurdat hulle Jesus uit genade ontvang het.
- God was aan hulle vrygewig deurdat Jesus die weg na die kruis geloop het, gesterf het en uit die dood opgestaan het.
- Ter wille van die gemeente, en die ganse mensdom het Jesus alles opgeoffer, arm geword, sodat hulle daardeur ryk kon word.

5.

Paulus, gemeente, probeer aan die gemeente in Korinte, maar ook aan ons, 'n prentjie teken van die vrygewige hart van God.

Vriende, het jy al ooit so daaraan gedink dat God sy vrygewige hart aan jou gewys het toe Jesus mens geword het. Het jy al so daar aan gedink dat Jesus se vrygewige hart aan jou gewys het toe hy bereid was om homself te gee aan die kruis vir jou.

Maar meer nog.

- Wat ook al jy in jou lewe het.
- Jou lewe, gesondheid, omstandighede, jou vermoëns jou gawes - dit is alles dinge wat jy nie voor gewerk het of selfs verdien nie.
- Dit is uit en uit geskenke vanuit die vrygewige hart van ons Vader.

Ons het ook iets hiervan probeer verwoord in die musiek wat ons vandag gesing het. God is die bron van alles in ons lewe. Hy is die bron van alle gawes.

Koos du Plessis verwoord iets daarvan as hy sê: *Wat ek het, is net genade, wat ek is, is net geleen.*

Dit is die Punt wat Paulus probeer maak. As God se hart so lyk, as Hy vrygewigheid aan ons toon deur Jesus aan ons te gee asook alles wat ons het, hoe kan ons dan anders as om presies die selfde vrygewige hart te toon nie. Hoe kan ons dan anders as om onself ons eerstens vir God te gee en dan vir ander.

In ons vrygewigheid kry die liefde vorm kry, kry die liefde gestalte.

Paulus sê selfs - dit is hoe die opregtheid van ons liefde getoets word.

6.

Indien ons begryp dat ons uit dankbaarheid vir alles wat ons so ryklik uit God se hand ontvang het, vrygewig moet wees, is die volgende vraag noodgedwonge: **Hoe moet ons vrygewigheid dan lyk?**

Ons het gesien dat die gemeente hulle vrygewige hart moet betoon deur die arm lidmate van Jerusalem by te staan. Hoe moet ons dan vrygewigheid toon.

Ek gaan slegs op 4 goed fokus en so bietjie oor elke praat.

- Ons moet met ons emosies vrygewig wees.
- Ons moet met ons tyd vrygewig wees.
- Ons moet vrygewig wees met ons gawes.
- Ons moet vrygewig wees met ons geld.

7.

So vrygewigheid beteken om van jouself, jou tyd, jou emosies, jou gawes en self jou geld te gee.

Die hart, die ingesteldheid, waarmee ons gee is egter van kardinale belang.

- Ons moet bereid wees om te gee nie net om ons eie gewete te sus,
- of mense van ons nekke te kry,
- of deur ander gesien te word nie.
- Ons is nie vrymoedig om daardeur ons wys dat ons beter is as ander of meerderwaardig is nie.

Ek moet besef dat **vrygewigheid, mededeelsaamheid, om van myself te gee, 'n gesig van die liefde is. Gee jy met die regte ingesteldheid, 'n hart van dankbaarheid, maak jy die liefde van Jesus aan die wêreld sigbaar.**

Ek is vrygewig op die verskillende manier omdat God uit sy liefde vrygewig was en is met ons deurdat Hy Jesus aan elkeen van ons geskenk het.

Kom ek vra jou ten slotte in die woorde van Paulus: *Slaag jy die toets van die opregtheid van jou liefde deurdat jy vrygewig is aan elkeen wat jou pad kruis.*

Amen